**Republikein » Verloor alles tydens grondgrype in Zimbabwe**
**Een man se reis vir geregtigheid**

**Die Republikein deur Tanja Bause**

**1 March 2024**



Boere bring vir Ben kos en water langs die pad.

Boere begelei Ben.

Die doel van Ben Freeth se reis is om bewustheid te skep oor die noodsaaklikheid dat die SADC-tribunaal in Zimbabwe moet heropen, asook vir menseregte om gerespekteer te word.

Ek is elke dag verstom oor die vrygewigheid en openhartige gasvryheid van al die Namibiese boere langs die roete. Dit is werklik ver- stommend. Daar word aan elke detail gedink en alles is noukeurig beplan en vooruit uitgewerk.

“Ek het gedink die deel van my reis sal die moeilikste wees – nou kan ek net sê die deel is geseënd. God is duidelik onder so baie van julle. Mag Sy goedheid en liefde in ons groei. Mag Sy geregtigheid oor ons almal heers.”

So het Ben Freeth – wat te perd vanaf Zimbabwe tot by die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SADC) se tri- bunaal in Windhoek ry – gesê oor die hulp wat hy van boere en mense kry sedert hy Namibië by Katima Mulilo se grens binne-
gekom het.

Ben, die uitvoerende direkteur van die Mike Campbell-stigting, het op 28 Novem- ber 2023 sy “reis vir geregtigheid” in sentraal-Zimbabwe begin.

**AGTERGROND**

Die plaas Mount Carmel was die groot- ste produsent van mango’s in Zimbabwe, hulle het ook katoen en tabak aangeplant. Die plaas het ook met ’n linnefabriek en lodge gespog en het meer as 500 Zimbabwiërs in diens gehad.

Ná ’n hofbevel is die plaas binnegeval en die huise afgebrand, insluitend die werkers se huise. Die oeste is vernietig en die diere is vrekgemaak.

Ben, sy vrou, skoonpa en skoonma is ontvoer en geslaan. Sy skoonpa, Mike Campbell, is twee jaar later weens komplikasies van sy beserings dood.

Ben het die Mike Campbell-stigting ter ere van hom gestig; die stigting fokus daarop om geregtigheid, die reg en menseregte in Zimbabwe te herstel.

Die doel van sy reis is om bewustheid te skep oor die noodsaaklikheid dat die SADC-tribunaal in Zimbabwe moet heropen, asook vir menseregte om ge-
respekteer te word.

Ben en Mike het oudpresident Robert Mugabe na die SADC-tribunaal se mense- regtehof geneem oor sy regering se chao- tiese en wrede program om grond te gryp. “Dit was by die SADC-tribunaal in Wind- hoek op 28 November 2008 waar ’n his- toriese uitspraak gelewer is wat ons toe-gelaat het om op die plaas te bly.

“Ongelukkig het die Zimbabwiese re- gering die uitspraak verontagsaam. Die baie produktiewe plaas is nou in puin, soos soveel ander. Ná die uitspraak het Mugabe die SADC-tribunaal effektief afgetakel,” het Ben gesê.

“Hierdie lang reis is om bewusmaking te skep oor die noodsaaklikheid om regters aan te stel sodat die SADC-tribunaal kan voortgaan om te funksioneer, soos dit
moet.

“Ons het almal individuele eiendoms- reg en geregtigheid nodig vir die byna 400 miljoen mense in Suider-Afrika. Wanneer onreg heers, is daar net vernie- tiging en ondergang wat volg. Almal het geregtigheid nodig waar ons almal gelyke burgers is, gelyk behandel word voor die reg, of ons nou ryk of arm, of swart of wit, of oud of jonk is,” het Ben gesê.

**NAMIBIË**

Nadat Ben en sy perd Tsedeq sowat 800 kilometer na die grens gery het, het hy vir dr. Ian Baines gekontak om uit te vind of hy sy perd in Namibië kan inbring.

Hy is aangeraai om eerder ’n muil in Namibië te kry. Die wiele is aan die rol gesit en dr. Telane Greyling het met ’n muil uit die suide van Namibië vertrek om vir Ben te neem.
Ben en Nikato het ’n verdere 400 kilo- meter deur die Zambezistreek afgelê met
Telane as ondersteuning.

Volgens Jorie Oosthuizen, ’n boer wat 60 kilometer saam met Ben gery het, raak ’n muil baie eensaam as daar nie ander perde of muile naby hom is nie.

“Nikato het drie keer omgedraai en terug Katima toe gehardloop. Ben moes hom agterna sit – die laaste keer het hy sowat 30 kilometer gehardloop. Ons moes ’n ander plan maak,” het hy gesê.

Telane het vir Megan Wiese van Chahanic Stud and Safaris gekontak.

“Sy het vir Stardust Rundu toe gevat en hulle twee het die volgende kilometers aangepak. Telane het vir Ben by die Mururani-hek gegroet,” het Megan gesê.

Telane het sy bagasie tot by die hek vervoer, asook kos en water vir Stardust. “Ben het net gevra vir water vir sy perd. Hy sou sy eie waterbottel volmaak, sy bietjie bagasie en kos vervoer. Ek het die WhatsApp-groep begin en gevra vir water vir die perd, maar in die ware Namibiese gees en soos ons mense is, het die boere op sy roete tot aksie oorgegaan.

“Hulle ry water vir hom aan, los water langs die pad, bring middagete vir hom, bied slaapplek en kos vir hom aan. Hulle was selfs sy klere. Ben wou net soos hy al die pad gedoen het langs die perd kamp, nou slaap hy in ’n bed,” het Megan gesê.



*Ben met Johnny*

**CHAHANIC STUD AND SAFARIS**

“Hulle [boere] ry water vir hom aan, los water langs die pad, bring middagete vir hom, bied slaapplek en kos vir hom aan. Hulle was selfs sy klere.”

Ná sowat 150 kilometer het Stardust se voete begin seer word en Johan Luttig het Ben langs die pad gekry en Johnny vir hom aangebied waarmee hy hopelik tot in Windhoek sal kan ry.

“Ek is in trane elke keer wanneer ek aan die boeregemeenskap dink en hoe hulle eenvoudig net help en gee. Ben inspireer so baie mense om vrygewig en vriendelik te wees en dit is net aansteeklik. Sy gees bring almal bymekaar,” het Megan gesê. Johan is Jorie se skoonpa en nadat Jorie van Ben en sy reis gehoor het, het hy en ’n paar vriende hulle perde opgesaal en vir Ben op die Rundu-pad ontmoet.

“Ons het saam met hom deur Grootfon- tein en nog ’n ent verder gery. Die ander het toe teruggedraai en ek het verder saam met hom tot amper in Kombat gery,” het Jorie gesê.

“Ben se saak lê talle boere na aan die hart, en waarvoor hy baklei is ons almal se saak. “Hy baklei vir wat reg en wat verkeerd is, wat waarheid en wat ’n leuen is. Hy baklei vir eiendomsreg en dat elke persoon ongeag van wie of wat jy is, die reg het om eiendom te besit en die regering jou moet beskerm.”



*Ben en Johnny*

“Terwyl ons so gery het, het ek besef hy is ’n diep gelowige mens en dat hy dit uit geloof doen. Hy doen dit vir alle Zimbab- wiërs, ongeag van hulle taal of kleur wat deur die grondgrype geraak is,” het Jorie
gesê.

Ben wil op 18 Maart in Windhoek tot by die SADC-tribunaal ry.

Talle boere en perde-eienaars het reeds gesê dat hulle hom op dié dag sal begelei ter ondersteuning van sy saak en vir ge-regtigheid.

“Dankie vir julle solidariteit. Mag 18 Maart ’n wonderlike en geskiedkundige dag wees wanneer ons Windhoek binnery op pad na die SADC-tribunaal en bid en werk vir die herinstelling van dié tribunaal – en vir geregtigheid vir almal.

“As iemand ’n perd het, sal ek graag wil hê dat jy op 18 Maart by my sal aansluit in die lot van Zimbabwiese boere en hul werkers en ander slagoffers van onreg,” het Ben gesê.

Thys de Vries, ’n boer van Zimbabwe, het op die WhatsApp-groep “Ben Ride for Justice” die volgende geplaas: “Hallo Ben en al die pragtige mense van Namibië. Ben, jou gesin en jyself het soveel van julle tyd gegee en staan aan die regte kant van ge- regtigheid vir ons almal. Ek en my gesin en die Zimbabwiese ontheemde titelakte- houers wat oor die hele wêreld versprei is wat ons eiendomme verloor het, soos jy en jou gesin ook het, dank jou uit die diepte van ons harte dat jy ons saak weer in die kollig bring en op te staan vir wat reg is.

Bly sterk en veilig.
“Aan al die Namibiërs wat julle tyd, huise, waterdrinkplekke, perde en yskaste vir Ben en sy perd oopstel tydens sy lang reis vir geregtigheid, ons van Zimbabwe sê baie baie dankie. Julle gasvryheid, hulp en be- geleiding maak my trots om boerebloed te
hê wat deur my hart en are pomp.

“God se seën vir al julle mense wes van ons, julle is ongelooflik.”
Mense wat Ben se roete wil volg of by hom wil aansluit, kan deel van die Whats- App-groep

https://chat.whatsapp.com/GcuCvsIfcRPGVtuTNwBHAM word.